HANDVES VAN REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS BY FICHARDTPARK PRIMÊRE SKOOL.

	REGTE		VERANTWOORDELIKHEDE
1	**Ek het die reg om gelukkig te wees en om by die skool met respek behandel te word.** Dit beteken dat niemand vir my sal lag, terg of my gevoelens sal seermaak nie.	1	**Ek het die verantwoordelikheid om ander te respekteer.** Dit beteken dat ek nie vir ander sal lag, terg of sal probeer om ander se gevoelens seer te maak nie.
2	**Ek het die reg om myself te wees in hierdie skool.** Dit beteken dat niemand teen my sal diskrimineer nie, ongeag of ek ‘n kind of ‘n grootmens is; ek oud of jonk; ‘n seun of ‘n dogter; vet of maer; aantreklik of minder aantreklik; lank of kort en of ek wit of swart is nie.	2	**Ek het die verantwoordelikheid om respek te betoon teenoor ander persone en nie teen hulle te diskrimineer nie.** Dit beteken dat ek teen niemand sal diskrimineer, omdat hy/sy ‘n kind of ‘n grootmens is; jonk of oud; seun of dogter; vet of maer; aantreklik of minder aantreklik; kort of lank en wit of swart is nie.
3	**Ek het die reg om veilig te wees in hierdie skool.** Dit beteken dat niemand aan my sal slaan; skop; stamp of my sal seermaak of dreig nie.	3	**Ek het die verantwoordelikheid om van hierdie skool ‘n veilige plek te maak.** Dit beteken dat ek nie aan ander sal slaan, skop, stamp; ruk; pluk of enige persoon sal seermaak of dreig nie.
4	**Ek het die reg daarop dat my eiendom veilig sal wees en deur ander in hierdie skool gerespekteer sal word.** Dit beteken dat niemand die reg het om my eiendom te neem of te beskadig nie.	4	**Ek het die verantwoordelikheid om nie ander persone se eiendom te neem of om die besittings van ander te beskadig nie.** Dit beteken dat ek nie ander se eiendom mag neem of beskadig nie.
5	**Ek het die reg in hierdie skool om te luister en om na geluister te word.** Dit beteken dat niemand op my sal skree;gil; harde geluide sal maak of om my op enige wyse te ontwrig nie.	5	**Ek het die verantwoordelikheid om te help om ‘n rustige en kalm atmosfeer in die skool te skep.** Dit beteken dat ek nie sal skree; gil; harde geluide sal maak of die skool op enige wyse sal ontwrig nie.
6	**Ek het die reg om meer van myself en ander in hierdie skool te leer.** Dit beteken dat ek vry is om uitdrukking aan my gevoelens en opinies te gee, sonder onderbreking of straf.	6	**Ek het die verantwoordelikheid om meer van myself en ander in hierdie skool te leer.** Dit beteken dat ek vry is om uitdrukking aan my gevoelens en opinies te gee, sonder onderbreking of om straf te ontvang en ek sal nie ander onderbreek of straf wat uitdrukking gee aan hulle opinies en gevoelens nie.
7	**Ek het die reg om gehelp te word om selfbeheersing in hierdie skool aan te leer.** Dit beteken dat niemand stilswyend sal toekyk terwyl ek my regte skend nie.	7	**Ek het die verantwoordelikheid om selfbeheersing in die skool aan te leer.** Dit beteken dat ek daarna sal streef om my regte uit te oefen, sonder om ander se regte te skend. Ek het die reg om reggehelp te word as ek ander se regte skend, net soos hulle reggehelp sal word indien hulle my regte skend.
8	**Ek het die reg om te verwag dat bogenoemde, my regte onder alle omstandighede sal wees, so lank as wat ek my volle verantwoordelikhede nakom.**	8	**Ek het die verantwoordelikheid om bogenoemde regte te beskerm, asook die regte van ander, deur my volle verantwoordelikhede onder alle omstandighede na te kom.**